**VRAAG 1** **100 punte**

AAA Nama (Edms) Bpk ('Nama') is 'n middelgrootte vleisverskaffer wat vanuit Stellenbosch bedryf word. Nama is 'n geregistreerde BTW-ondernemer. Sy besigheidsbedrywighede behels die verwerking van beesvleis en ander vleissoorte. Nama onderskryf die billike hantering van diere en billike handel met sy verskaffers. Nama het 'n 30 Junie finansiële jaareinde.

## 1 Brand in die beesvleisverwerkingsfabriek

Nama bedryf sedert 2013 sy beesvleisverwerkingsbedrywighede vanuit 'n fabriek wat in Stellenbosch geleë is. 'n Brand het op 1 November 2018 in die fabriek ontstaan en dit heeltemal vernietig. Geeneen van die fabriekswerkers is in die voorval beseer nie. Die versekeraar het op 1 Desember 2018 vergoeding ten bedrae van R14,95 miljoen met betrekking tot die fabrieksgebou en R230 000 met betrekking tot die masjinerie uitbetaal.

Nama het die fabrieksgebou vir R13,3 miljoen opgerig. Dit is op 1 Augustus 2013 voltooi en in gebruik geneem. Indien 'n soortgelyke fabrieksgebou op daardie datum gekoop is in plaas daarvan dat dit deur Nama opgerig is, sou dit R12 miljoen gekos het.

Tweedehandse produksiemasjinerie, wat op 1 Augustus 2018 in 'n armlengtetransaksie teen 'n koste van R600 000 vanaf 'n nie-BTW ondernemer aangekoop is, is ook heeltemal in die brand vernietig.

Bestuur het vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2019 (FJ2019) oorweeg of daar enige aanduiders van waardedaling op die drabedrag van die beesvleisfabriek was, en indien wel, of Nama enige verwante waardedaling moes erken. Bestuur het verklaar dat aangesien die versekering die verlies van die beesvleisfabriek voldoende gedek het, geen waardedaling op die fabriek nodig was nie.

## 2 Konstruksie van 'n nuwe fabriek

Die vergoeding wat ten opsigte van die vernietigde fabrieksgebou vanaf die versekeraar ontvang is, is gebruik om 'n derde party (nie 'n verbonde persoon met betrekking tot Nama nie) te betaal om 'n nuwe fabriek op te rig. Dit is teen 'n koste van R12,5 miljoen voltooi en op 1 Mei 2019 in gebruik geneem.

Nama het gedurende die konstruksieproses gepoog om die bouproses te bespoedig ten einde te verseker dat dit teen 1 Mei 2019 voltooi sou wees, en is gevolglik met R100 000 (wat nie by die R12,5 miljoen ingesluit is nie) vir die oortreding van bouregulasies beboet. Nama het die boete op 1 April 2019 betaal.

Nama het besluit om eenhede in 'n pas opgerigte woonstelblok te koop wat as akkommodasie vir hul fabriekswerkers gebruik sal word. Hulle het op 1 Desember 2018, 20 van die 100 beskikbare woonstelle teen R840 000 (BTW ingesluit) elk gekoop en het op daardie datum in kontant vir die eenhede betaal. As deel van bestuur se pogings om konstruksie van die fabriek te bespoedig, het Nama die konstruksiewerkers toegelaat om vanaf daardie datum tot op 30 April 2019, op welke datum die konstruksiewerkers uitgetrek het, al 20 woonstelle gratis te bewoon.

Vanaf 1 Mei 2019 is die woonstelle teen R3 000 per maand elk aan 20 fabriekswerkers verhuur. Die huur is maandeliks vooruit betaalbaar, ingevolge eenjaar huurooreenkomste. Alle maandelikse huurgeld vir FJ2019 is op die sperdatums ontvang.

## 3 Huur van produksiemasjinerie

Die produksiemasjinerie wat in die brand vernietig is, is deur gehuurde masjinerie vervang. Ingevolge die ooreenkoms betaal Nama R15 000 (BTW ingesluit) per maand aan LeaseLet (Edms) Bpk vir 'n tydperk van vyf jaar, wat op 1 Mei 2019 begin het. Dit is 'n afbetalingskredietooreenkoms en die armlengte kontantkoste van die masjinerie op dié datum was R575 000 (BTW ingesluit).

## 4 Koop van aandele in Landic (Edms) Bpk (‘Landic’)

Nama wil graag ŉ bestaande bergingsfasiliteit gebruik wat op ŉ terrein langs die nuwe fabriek geleë is. Landic, die maatskappy wat die fasiliteit besit en verhuur, se aandeelhouers wou nie die bergingsfasiliteit en grond direk verkoop nie, maar het verkies om eerder 100% van die gewone aandele in Landic vir R4,3 miljoen aan Nama te verkoop. Nama het die aandele op 1 Mei 2019 gekoop en het die bergingsfasiliteit op dieselfde dag begin gebruik. Die aankoopprys is bereken op die basis dat 60% betrekking het op die bergingsfasiliteit en 40% op die grond.

Nama het op 1 Mei 2019 ŉ lening van R4,3 miljoen van Squared Bank bekom om die koop van die aandele in Landic te finansier. Geen transaksiekoste is aangegaan nie. Die rente-onkoste op die lening vir die tydperk 1 Mei tot 30 Junie 2019 het R85 000 beloop en dit is op 30 Junie 2019 in kontant vereffen.

Nama het op 1 Mei 2019 ŉ 15-jaarhuurkontrak met Landic onderteken vir gebruik van die bergingsfasiliteit. Die huurooreenkoms bepaal dat die huur van R20 000 per maand agterna deur Nama aan Landic betaalbaar is. Dit is ŉ markverwante huur. Geen transaksiekoste is aangegaan nie. Landic is nie ŉ BTW-ondernemer nie.

## 5 Belasbare inkomste

Die belasbare inkomste van Nama vir die jaar van aanslag geëindig 30 Junie 2019 het R15,604 miljoen beloop, uitgesluit die uitwerking van die inligting vervat in items 1 tot 4.

## 6 Uitbreiding na die mark vir vegetariese vleis

### *6.1 Navorsing en ontwikkeling van ŉ nuwe produk*

Mnr Taylor Selebi, die stigter, meerderheidsaandeelhouer en besturende direkteur van Nama, was geboei deur ŉ artikel wat in ŉ wetenskapstydskrif verskyn het, wat die sukses van plaasvervangers vir vleis in die Verenigde State van Amerika uitgelig het. Volgens die artikel kon dit ‘bykans nie van werklike vleis onderskei word nie’. Taylor het navorsing begin doen oor die wetenskaplike vereistes en prosesse wat benodig word om plantgebaseerde plaasvervangers vir vleis te produseer.

Na omvattende navorsing en nadat ŉ werkbare ontwerp ontwikkel is, het Taylor op 1 Julie 2016 vir ŉ tydperk van vyf jaar ŉ klein laboratorium in Technopark, Stellenbosch, gehuur waarin navorsing en toetsing van ŉ plantgebaseerde plaasvervanger vir vleis onderneem kon word. Die aanvanklike huur het R15 000 per maand beloop, water en elektrisiteit uitgesluit. Die huurbedrag verhoog met 5% per jaar op die herdenking van die huurkontrak. In die geval van ŉ vroeë beëindiging, sou ŉ kansellasiefooi van R180 000 betaalbaar wees.

Taylor het twee voedselwetenskapgegradueerdes, mnr Sandile Ishmail en me Julia van Dyk, asook ŉ biochemiese ingenieur, mnr Aphiwe Vambe, aangestel om aan hierdie nuwe projek te werk. Taylor het ook me Megan Smythe, ŉ ervare voedselwetenskaplike, aangestel om die span te lei. Al vier het op 1 Julie 2016 by Nama in diens getree.

Taylor en Megan het hul missie omskryf as die skep van ŉ volhoubare groenteproteïen wat soveel na werklike vleis lyk, voel en proe dat selfs vleisliefhebbers dit met graagte sal koop. Nama het daarin geslaag om op 30 April 2019 ŉ handelsmerk en kopiereg vir die name vMeat© en vBeef© te registreer. Nadat hulle moontlike bemarkingstrategieë bespreek het, het Taylor en Megan besluit om vMeat© te gebruik as die handelsnaam waarmee hulle die produk na die mark gaan neem.

Megan en haar span het teen 1 Februarie 2020 beduidend met hul navorsing gevorder en aangekondig dat hulle oortuig was dat hulle ŉ suksesvolle produk geskep het. Die produk was primêr gebaseer op die insluiting van twee chemikalieë, EE-G243 en AF-723, in hul produkte. Hierdie chemikalieë, wat Megan en haar span ontwikkel het, voeg die nodige geur en tekstuur by hul vegetariese produk sodat dit werklike vleis naboots.

Nama se direksie het op 1 Maart 2020 vergader en was beïndruk met die vordering wat deur die span gemaak is. Die direksie bly verbind tot die vMeat-projek en het die begroting vir die projek vir die volgende tien jaar goedgekeur.

Taylor het reeds teen 15 Maart 2020 besluit dat die ontwikkeling lewensvatbaar sou wees, en het van daardie datum af ŉ bestaande lid van Nama se rekeningkundedepartement aangewys om afsonderlike rekords vir vMeat by te hou. Dit sou Nama in staat stel om die koste van ontwikkeling, produksie en wins betroubaar te bepaal.

### *6.2 Produksie en verspreiding gedurende die proeftydperk*

Die maatskappy het op ŉ driejaarlange produksieproeftydperk vir die vMeat-produk besluit, met ŉ aanvangsdatum van 1 Julie 2020.

Die herboude fabrieksgeboue wat Nama besit en vir die verwerking van sy tradisionele beesvleisprodukte gebruik, het ŉ groot ongebruikte ruimte wat vir die produksie van die vMeat-produk gebruik sou kon word. Die ruimte sou na verwagting andersins vir die afsienbare toekoms ongebruik bly. Nama beplan nie om die ruimte te onderverhuur nie. Die ongebruikte ruimte sal vir die volle proeftydperk beskikbaar wees. ŉ Markverwante huur vir ŉ soortgelyke ruimte is R25 000 per maand.

ŉ Deel van die muur van die gebou is onstabiel weens skade veroorsaak deur ŉ trekker wat in die muur vasgery het. Die muur sou onmiddellik versterk en ook herbou moes word voor daardie deel van die gebou gebruik sou kon word. Nama het twee kwotasies gekry om die muur te versterk en te herbou. Een vir R500 000 was van ŉ bouer met omvattende kennis en kundigheid op die gebied van bouwerk, en die tweede vir R400 000 was ŉ goedkoper kwotasie van ŉ onlangs gekwalifiseerde bouer met beperkte ervaring. Taylor was van mening dat dit verkieslik sou wees om die meer ervare bouer te gebruik ten einde te verseker dat die muur teen 30 Junie 2020 voltooi sou wees.

Nama sou masjinerie en toerusting van R3 miljoen vir gebruik tydens die produksie-proeftydperk moes aankoop. Hierdie masjinerie en toerusting sou na die produksie-proeftydperk verkoop en vervang moes word weens die wesenlike toename in die verwagte verbruikersvraag na afloop van die produksie-proeftydperk, Die markwaarde van die masjinerie en toerusting op die verkoopdatum sou R400 000 wees.

Die proef-produksieproses sou hoofsaaklik meganies wees en vyf voltydse personeellede (tans in Nama se diens), met inbegrip van Megan, benodig. Hierdie voltydse personeellede word as skaars arbeid beskou en gevolglik voorsien Nama nie dat enige van die personeel in die afsienbare toekoms afgelê sal word nie. Die vMeat-span sou uit die laboratorium na die vervaardigingsgebou trek sodra dit gereed was om beset te word. Indien Nama sou kies om nie die laboratoriumkontrak te kanselleer nie, sou die laboratoriumruimte vir die duur van die huurkontrak ongebruik bly. ŉ Meganiese ingenieur sou ook vanaf 1 Julie 2020 teen ŉ jaarlikse salaris van R850 000 gewerf moes word.

Die skoonmaak- en afleweringspersoneel betrokke by Nama se huidige werksaamhede sou tyd van hulle bestaande rolle moes herallokeer om aan die vMeat-kant te werk. Daar word beraam dat dit 15% van hulle totale beskikbare ure sou vereis. Die totale salariskoste per jaar vir die skoonmaak- en afleweringspersoneel is tans R1,2 miljoen.

Die proses om vMeat te maak, is water- en elektrisiteit-intensief. Tydens produksietoetslopies in die laboratorium is water en elektrisiteit ten bedrae van R3 500 gebruik om 1 000 kg vMeat in een maand te produseer, en R2 000 om 500 kg vMeat in die daaropvolgende maand te produseer, gebaseer op

FJ2020-pryse. Daar word verwag dat die vaste gedeelte van water- en elektrisiteitskoste aangegaan gedurende die toetslopies, wat spesifiek op die produksie van vMeat betrekking het, gedurende die proefproduksie van vMeat in Nama se eie vervaardigingsgeboue sal verdubbel.

Direkte grondstof vir die produksie van elke kilogram vMeat, gebaseer op FJ2020-pryse, sal die onderstaande bestanddele vereis:

| **Bestanddele** | **Kg** | **Prys / kg R** | **Koste van vMeat / kg R** |
|---|---|---|---|
| Groenteproteïen | 0,75 | 54 | 40,50 |
| EE-G243 smaak- en bindmiddel | 0,10 | 275 | 27,50 |
| AF-723 tekstuurbymiddel | 0,50 | 78 | 39,00 |
| Kleurselpoeier | 0,01 | 120 | 1,20 |
| **Totale direkte grondstofkoste per kg** | | | **108,20** |

Nama sal ook ŉ voorafbelegging van R250 000 in verpakkingsmateriaal en ander grondstowwe moes maak om die vMeat se proef-produksieproses te begin. Die bedryfskapitaalvereistes vanaf 2020 tot aan die einde van die proeftyd in 2023, soos aangedui in die begrote staat van finansiële posisie, is soos volg:

| | **2020 R** | **2021 R** | **2022 R** | **2023 R** |
|---|---|---|---|---|
| Bedryfskapitaalbelegging | (250 000) | (291 500) | (339 889) | – |

Volgens huidige marknavorsing oor die verwagte aanvraag deur kliënte, wat Nama teen ŉ koste van R100 000 onderneem het, is daar bemoedigende tekens van ŉ sterk aanvraag na vMeat, teen ŉ prys van tussen R140/kg en R160/kg. Die navorsing het aangedui dat sowel ŉ direkte kleinhandelwinkel-verkoopstrategie as ŉ vennoot-verspreidingsnetwerk nodig sou wees om ŉ betekenisvolle markaandeel in die Wes-Kaap-streek te verkry.

Die onderstaande is die vooruitgeskatte verkoopsvolumes vir vMeat, gebaseer op die aanname van ŉ gemiddelde prys van R150/kg en lewering van die produk aan die mark deur van sowel ŉ direkte kleinhandelwinkel-verkoopstrategie as ŉ vennoot-verspreidingsnetwerk gebruik te maak:

| **Waarskynlikheid** | **Kg verkoop per maand** |
|---|---|
| 30% | 20 000 |
| 50% | 10 000 |
| 20% | 5 000 |

Taylor het verkoopsvolume groeiteikens op 10% per jaar gestel, wat soortgelyk is aan die groei wat Nama ervaar het toe die maatskappy met sy beesvleisverwerkingsbedrywighede begin het. Aangesien voedselprodukte vinnig verouder, beoog Nama nie om enige begin- of eindvoorraad van óf die grondstowwe óf die voltooide produkte te hou nie.

Nama sal ŉ afleweringsvoertuig ten bedrae van R1,4 miljoen op 1 Julie 2020 moes verkry, ten einde in die kliëntaanvraag wat uit vooruitgeskatte verkope ontstaan, te voorsien. Dit sal verseker dat aflewerings betyds plaasvind en sal Nama in staat stel om bykomende direkte-verkoopswinkels in nabygeleë streke te open.

### *6.3 Grootmaatverwerking na die proeftydperk*

Die koste van nuwe grootmaatverwerkingsmasjinerie en toerusting wat na afloop van die proeftydperk vir die produksie van vMeat gebruik sal word, is tans R5,8 miljoen. In die lig van mededingende druk weens Chinese en Indiese maatskappye wat die plaaslike mark betree, word daar nie verwag dat die prys sal styg nie. Die nuwe grootmaatverwerkingsmasjinerie en toerusting sal na verwagting ’n bedryfsleeftyd van tien jaar hê en sal tot 75 000 kg vMeat per maand kan produseer.

## 7 Uitkontraktering van vMeat-produksie

As ’n alternatief om self (Eng.: ‘in-house’) die vMeat te produseer, sou Nama die produksie daarvan aan Yarnworths (Edms) Bpk (‘Yarnworths’) kon uitkontrakteer aangesien Yarnworths die nodige masjinerie en toerusting het om enorme hoeveelhede van die vMeat-produk te vervaardig. Taylor het ’n paar bekommernisse geopper oor die gebruik van ’n mededinger om hul produkte te vervaardig en te verkoop, aangesien Yarnworths tans hul eie vleisvervangingsprodukte, bekend as ‘Veggie Power’ onder hul eie handelsmerk verkoop. Volgens Megan sou Yarnworths egter graag potensiële produksieproses-sinergieë met die vMeat-span wou bespreek.

Yarnworths se bemarkingsbestuurder het ’n verkoopprys van R125/kg vir die vervaardiging en lewering van vMeat aan Yarnworths-winkels, vasgestel vir die volle proeftydperk, voorgestel. Indien Nama aan hul eie winkels of ander kleinhandelaars sou wou lewer, sou aflewerings- en ander toepaslike koste vir hul eie rekening wees. Regsfooie in verband met die opstel van die kontrak sou R50 000 beloop. Yarnworths het aangedui dat hulle baie ernstig sou belangstel in dié kontrak en dat hulle ook graag aan ander voorstelle van die vMeat-span, gegewe hul reputasie in die bedryf, sou aandag gee.

Indien produksie uitgekontrakteer word, sou die laboratoriumhuurooreenkoms steeds in stand gehou word aangesien ontwikkeling en navorsing steeds self gedoen sou word. Die ongebruikte fabrieksruimte sou nie ingevolge die uitkontrakteringsooreenkoms benodig word nie.

## 8 Bykomende inligting

- Die SAID beskou die verwerking van beesvleis en ander vleissoorte, asook die produksie van plaasvervangers vir vleis, as ’n vervaardigingsproses.
- Nama het nie ‘n aansoek ingevolge artikel 11D van die *Inkomstebelastingwet,* 1962 (Wet 58 van 1962), soos gewysig, by die Departement van Wetenskap en Tegnologie ingedien nie.
- Nama verantwoord eiendom, aanleg en toerusting asook beleggingseiendom deur van die kostemodel gebruik te maak.
- Nama se geweegde gemiddelde koste van kapitaal is 14% (<u>na</u> belasting).
- Nama se inkrementele leenkoers is 14% (<u>voor</u> belasting).
- Daar word verwag dat Nama se direkte koste, water en elektrisiteit asook salarisse en lone jaarliks met ’n inflasiekoers van 6% sal styg.
- Daar word verwag dat vMeat se gemiddelde verkoopprys per kg jaarliks met ’n inflasiekoers van 6% sal styg.
- Afskryftydperke volgens Bindende Algemene Reëling no. 7 is soos volg:
  - Produksiemasjinerie 6 jaar
  - Afleweringsvoertuie 4 jaar
- Waardevermindering volgens Nama se rekeningkundige beleid is soos volg:
  - Alle geboue 30 jaar
  - Produksiemasjinerie 4 jaar
  - Afleweringsvoertuie 4 jaar
- Neem aan dat Nama gebruik sal maak van alle moontlike belastingvoordele en daarom enige beskikbare opsie sal kies wat die maatskappy se normale belastingaanspreeklikheid sal minimeer of sal uitstel.


© SAIGR 2020

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, NOVEMBER 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 1**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **DEEL I – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Bespreek die belastinggevolge van die inligting vervat in item 4 vir Nama vir die jaar van aanslag geëindig 30 Junie 2019. | 12 | |
| | *Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | *1* | 13 |
| (b) | Bereken Nama se belasbare inkomste vir die jaar van aanslag geëindig 30 Junie 2019 gebaseer op al die beskikbare inligting verstrek in items 1 tot 5. | 21 | 21 |
| (c) | Bespreek of die bedrag bestee om die muur te herbou, soos genoem in item 6.2, vir normale belastingdoeleindes ten opsigte van Nama se jaar van aanslag geëindig 30 Junie 2020 aftrekbaar sal wees.<br><br>Aanvaar vir doeleindes van die beantwoording van deel (c) van die vraag dat die inligting verstrek in die 2018/2019 *SAICA Legislation Handbook* korrek en van toepassing is, ten spyte daarvan dat die maatskappy ’n 30 Junie 2020 jaareinde het. | 4 | 4 |
| **Totaal vir deel I** | | | **38** |


© SAIGR 2020

SAIGR

DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS

ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, NOVEMBER 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 1**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **DEEL II – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (d) | Verstrek die joernaalinskrywings wat vereis word om die inligting in item 2 in die finansiële state van Nama vir FJ2019 te verantwoord.<br><br>• Moenie enige joernaalinskrywings vir lopende of uitgestelde belasting verstrek nie.<br>• Moenie enige sluitingsinskrywings verstrek nie.<br>• Joernaaldatums en omskrywings word nie verlang nie.<br>• Rond alle berekende bedrae af tot die naaste rand. | 14 | 14 |
| (e) | Bespreek die stelling wat in item 1 deur bestuur gemaak is op kritiese wyse, met verwysing na International Financial Reporting Standards.<br><br>Staaf jou bespreking, waar toepaslik, met berekeninge.<br><br>*Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | 9<br><br>*1* | 10 |
| (f) | Bepaal, met verwysing na IAS 38 *Intangible Assets*, of en vanaf watter datum enige bestedings ten opsigte van vMeat vir kapitalisasie as ’n ontasbare bate in Nama se finansiële state in aanmerking sou kom.<br><br>Moenie die definisie van ’n ontasbare bate bespreek nie.<br><br>*Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | 7<br><br>*1* | 8 |
| (g) | Bereken, vir slegs die proeftydperk, of Nama vMeat self moet produseer, of die produksie daarvan aan Yarnworths moet uitkontrakteer. Verstrek ’n rede vir enige kontantvloei wat geag word irrelevant te wees.<br><br>Aanvaar dat enige kontantvloei met betrekking tot inkomstebelasting in dieselfde tydperk as die onderliggende belasbare inkomste of belastingaftrekbare uitgawes sou plaasvind.<br><br>*Kommunikasievaardighede – aanbieding* | 29<br><br>*1* | 30 |
| **Totaal vir deel II** | | | **62** |
| **TOTAAL VIR DIE VRAAG** | | | **100** |


© SAIGR 2020